education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 10

AFRIKAANS HUISTAAL V1

JUNIE 2015

TYD: 2 UUR

PUNTE: 70

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Leesbegrip	(30 punte)
AFDELING B: Opsomming	(10 punte)
AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies	(30 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

4. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

5. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

6. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	40 minute

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: ARTIKEL

In misreën oor bergpasse van ons buurland.
Was jy al daar? Ja, in ons almal se buurland: Lesotho

1 Ek en my reisvriend durf die een uur lange rit na die suide van Lesotho aan. Ons is heel vinnig deur die grenspos en pak die uitgewerkte roete aan. Oral sien ons donkies wat hard werk en inwoners wat met komberse oor hul skouers op hul ponies rondry. Vir oorwerkte aandelebestuurders - 'n aanloklike gesig.

2 Ons neem die pad na Mokhotlong en draai later in die rigting van Thaba-Tseka. Ons weet ons moet hierdie pad volg, want die padkaart sê so, maar elke nou en dan split die pad en sonder 'n GPS sou dit onmoontlik wees om te weet watter rigting om te kies. Behalwe vir 'n paar minibustaxi's wat teen dieselfde spoed as Johannesburg-taxi's oor die stofpaaie jaag, is ons alleen op die pad.

3 Wanneer ons oor die Menoanengpas sukkel – dis baie onbegaanbaarder en opwindender as die Sanipas – verwonder ek my aan hoe die tweewielaangedrewe taxi's dit so maklik doen.

4 Volgens ons bronne is dit grondpad tot by die Katsedam, maar die Chinese is oral in die Bergkoninkryk besig om paaie te teer.

5 Die Orion-hotel op die Katsedam se wal herinner aan 'n hospitaal met lang, kliniese gange. Dis gerieflik as jy net 'n plek soek om jou kop neer te lê, maar moenie te veel van die restaurant verwag nie. Ons bestel forel, want uit dié dam trek hulle glo vissies wat tot in Japan gewild is. Maar die rooibruin vis op ons borde is sonder twyfel allesbehalwe vars en is droog gebraai.

6 Die pad vanaf die Katsedam na die hoofstad, Maseru, is prentjiemooi. Ons ry deur misreën oor die een bergpas ná die ander. Die bord op die kruin van dié een wys dis 2281 m bo seespieël.

7 In die dele van Lesotho waardeur ons die vorige dag en nou ry, is die inwoners nog baie tradisioneel. Hulle woon in ronde hutte teen die berge en dra die tradisionele komberse om hul skouers.

8 Hoe nader 'n mens aan Maseru kom, hoe meer sien jy vierkantige baksteenhuise en Westerse klere.

9 In Maseru stop ons by die bekende Lesotho Sun. Die luukse hotelkamers kos meer as R3 000 per nag, en ons meen toe die kos sal van goeie gehalte wees. Maar ons is verkeerd. Die hamburgers (R65) se rolletjies is duidelik al dae oud, en die "patty" is miskien nie 100% beesvleis nie.

10 Op die middagskof na Semonkong, sowat 130 km suidwes van Maseru, maak die uitsigte op vir die substandaard kos.

11 Dié lodge op die wal van die Maletsunyanerivier met sy huisies gebou net van klip en gras uit die omgewing, is 'n juweel. Dis moeilik om 'n hoogtepunt te kies: die kaggel in elke huisie wat die mistige koue verdryf, die ponierit oor die heuwels en deur plaaslike nedersettings om na die majestueuse waterval te gaan kyk of die varsgebakte platbrood in die Duck and Donkey Tavern and Restaurant.

12 Die spyskaart is beperk, maar besonders en 'n mens kan sien die sjef beplan fyn om alles vars te bedien. Op aand een kan ons kies tussen geroosterde beesvleis of varklies. Ons almal kies die varklies en lek ons vingers af.

13 Maar die hoogtepunt (letterlik) is die hoogste abseilroete in die wêreld (204 m) langs die waterval af. Vir die abseil het jy twee dae nodig, want jy moet vooraf opgelei word. Ons tyd is min en ons kies 'n ponierit teen R275 per persoon. Dis 'n wonderlike manier om van naderby te sien hoe die Bergkoninkryk se mense leef.

13 Ons laaste nag in Lesotho is in die Hotel Mount Maluti in Mohale's Hoek.

14 Dit is die enigste verblyf wat ons daar kon opspoor en ek wil nie veel daaroor sê nie, behalwe dat jy dié dorp én hotel maar kan vermy.

15 Lesotho met sy berge, pakdonkies, skape en kombersmense lê nou agter ons. Dit was 'n heerlike ervaring.

[Aangepas uit: *Nuus24,* Alet Wichmann, Sondag, 15 Februarie 2015]

1.1 Aan watter vereiste moet Lesotho voldoen om ons buurland te wees? (1)

1.2 Wat impliseer die titel oor Lesotho? (1)

1.3 Watter afleiding kan die leser in paragraaf 1 maak in verband met die Lesotho-inwoners se werksywer? Motiveer jou afleiding met VIER woorde uit dié paragraaf. (2)

1.4 Waarom, volgens die leesstuk, is die GPS in Lesotho 'n beter rigtingaanduider as 'n kaart in Lesotho? (1)

1.5 Sal jy die twee aandagstrepe in paragraaf 3 kan weglaat? Motiveer jou antwoord. (1)

1.6 Skryf EEN woord uit paragraaf 4 as bewys dat die skrywer en haar reisgenote goeie navorsing gedoen het voor hul besoek aan Lesotho. (1)

1.7 Skryf EEN voordeel en EEN nadeel van die Orion-hotel neer. (2)

1.8 Om watter rede is die reis van die Katsedam na Maseru prentjiemooi? (1)

1.9 Kontrasteer die tradisionele Lesotho-leefwyse met die moderne Lesotho-leefwyse. (4)

1.10 Gee twee redes waarom die kos by die luukse Lesotho Sun nie waarde vir geld bied nie. (2)

1.11 Kyk na die onderstreepte stelling in paragraaf 11. Waarom is die stelling in paragraaf 13 nie 'n weerspreking van die onderstreepte stelling nie? (2)

1.12 Watter konnotatiewe betekenis kan jy aan die laaste sin van paragraaf 12 heg? (1)

1.13 Gebruik die inligting in die teks en skryf twee wenke neer vir gastehuis-bestuurders om van hul gastehuise 'n sukses te maak. (2)

1.14 Sou jy Lesotho graag wou besoek? Motiveer jou keuse binne konteks van die teks. (1)

1.15 Hoe sluit die eerste en die laaste paragrawe van die leesstuk by mekaar aan? (1)

EN

TEKS B: VISUELE TEKS



1.16 Hoe verskil die emosie wat Willy in raampies 1 en 2 ervaar van sy emosie in raampie 3? (2)

1.17 Waarom kan ons vir Skapie die skuld gee vir die ongeluk wat plaasvind? (1)

1.18 Kyk mooi na raampie 3. Sou jy sê die idioom *Tou opgooi* is hier van toepassing? Motiveer jou antwoord. (1)

1.19 Watter verskil is daar tussen Wally se abseil en die abseil wat jy by Semonkong Lodge, soos in Teks 1 beskryf, sal doen? (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

- Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke wat jy as leierskapontwikkelaar aan vroue in leiersposisies sal gee.**
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.

WENKE AAN 'n GOEIE VROUELEIER

Al hoe meer vroue word deesdae in leiersposisies aangestel. Hierdie posisies stel groot uitdagings aan vroue. In 'n wêreld wat nogsteeds deur mans gedomineer word, moet vroueleiers leiding neem.

'n Goeie leier is nie 'n bangbroek nie. Dit beteken jy het moed om die situasie wat jy moet aanspreek by die horings te pak. So kan jy 'n oplossing vir elke probleem kry.

Leiers moet besluite neem, maar goeie vroueleiers neem dapper besluite. Jy staan jou man al weet jy dat almal nie van jou besluit gaan hou nie. As jy jou humeur verloor, verloor jou volgelinge respek vir jou. 'n Goeie vroueleier kners dus op haar tande en word nooit kwaad nie. 'n Werksmag wat agter jou staan, is die gevolg daarvan.

Om van voor af te lei is ook 'n teken van 'n goeie leier. Soms beteken dit dat jy die een moet wees wat 'n Vrydagaand voor die TV moet opoffer om te sorg dat die einde van die finansiële jaar se verslae gereed is. Jy doen ook die dinge wat nie aandag trek nie.

'n Goeie leier is ook 'n goeie volgeling. Jy laat die goeie werker in die groep toe om in 'n sekere situasie leiding te neem. As jy die werker volg, dan doen die res van die werkersmag dit ook en die firma word sterker.

Kalmte is ook baie belangrik vir 'n vroueleier. As jy kalm is, kan jy mooi dink en goeie besluite neem.

'n Goeie leier kyk ook verby die negatiewe dinge en sien altyd die positiewe dinge in ander mense raak. As jy die goeie in ander raaksien, spoor jy hulle tot beter prestasies aan.

[Verwerk uit: *Sarie,* Julie 2011]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks en beantwoord die vrae wat volg.

visuele voorstelling 1



1 *(Glip weg)*vir 'n <u>volkleur</u>
2 sakpasvakansie!

Visuele voorstelling 2

3 **Meer plesier vir minder.**

4 Kom span uit by enige van ons
5 vakansieoorde landswyd. ATKV-
6 oorde is die perfekte <u>wegbreekplek</u>
7 vir jou en jou gesin in die <u>streek</u>
8 van jou keuse. Verskillende
9 verblyfopsies, uitstekende
10 fasiliteite en (opwen) aktiwiteite
11 <u>verseker</u> 'n unieke ervaring.



12 ● Buffelspoort ● Drakensville
13 ● Eiland Spa ● Goudini Spa
14 ● Hartenbos ● Natalia
15 ● Klein-Kariba

ATKV VAKANSIE Oorde

[Verwerk uit: *TAALGENOOT*]

3.1 Hoekom sal die woord tussen hakies jou oorreed om 'n ATKV-oord te besoek? (1)

3.2 Wat impliseer die onderstreepte woord in die titel? (1)

3.3 Hoekom sal jy visuele voorstelling 2 in die advertensie as suksesvol beskou? (1)

3.4 Watter deel van visuele voorstelling 2 hou verband met die woord *landswyd* in reël *5?* (1)

3.5 Verduidelik waarom die onderstreepte woord in reël 6 'n samestelling is. (1)

3.6 Gebruik die homoniem van die onderstreepte woord in reël 7 in 'n verklarende sin. (1)

3.7 Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies in reël 10 neer. (1)

3.8 Vorm 'n persoonsnaam van die onderstreepte werkwoord in reël 11 en gebruik dit in 'n verklarende sin. (1)

3.9 Teen watter kulturele agtergrond sal jy die advertensie plaas? (1)

3.10 Sal hierdie advertensie jou aanmoedig om by 'n ATKV-oord te gaan vakansie hou? Motiveer jou antwoord binne konteks van die advertensie (1)
[10]

EN

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

[Uit: *Rapport weekliks,* 12 April 2015]

4.1 Van watter klankverskynsel is die onderstreepte woord in raampie 1 'n voorbeeld? (1)

4.2 Gee die oortreffende trap van die woord tussen hakies in raampie 1. (1)

4.3 Is die gebruik van die klem op die woord tussen hakies in raampie 2 funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

4.4 Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in raampie 2. (1)

4.5 Voltooi: Die onderstreepte woord in raampie 3 is 'n voorbeeld van 'n ... voornaamwoord (1)

4.6 Herlees raampie 5 en 6.

Skryf 'n voorbeeld van oorredende taalgebruik neer. (1)

4.7 Verbeter die leestekenfout in raampie 7. Skryf die sin oor en onderstreep die leesteken. (1)

4.8 Skryf die onderstreepte sin in raampie 7 in die verlede tyd. (1)

4.9 Gee die betekenis van die voorvoegsel van die onderstreepte woord in raampie 11. (1)

4.10 Dink jy die gebruik van die veelvuldige leestekens in die strokiesprent is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)
[10]

EN

VRAAG 5: KOERANTARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Vuil uil toe glad nie so erg

1 Jare gelede het 'n prokureur van Kaapstad my gebel. Hy het 'n kliënt gehad wat 'n lastersaak teen die buurman aanhangig wou maak omdat dié man hom 'n "vuil uil" genoem het.

2 Die prokureur wou weet of die kliënt taalkundig 'n saak het. Ek het die uitdrukking geken, maar eerder skertsend soos in: *Jy is 'n karnallie, 'n rakker*. Dit was veral gebruik as iemand nie oor iets gepraat het nie en dit dan skielik rugbaar geword het dat hy eintlik iets goeds vermag of gepresteer het. Daarby is gewoonlik ook: ... *en jy sê al die tyd niks nie!* gevoeg.

3 Ek het die destydse kaartversameling van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* deurgesoek en kon nie 'n teken kry dat dit regtig 'n kwetsende, neerhalende, beledigende opmerking is nie.

4 Ek het die prokureur laat weet dat as ek moes getuig in die saak, sou ek eerlik sy kliënt se saak skade berokken.

5 Ek het ook vir hom 'n aantal van die sitate aangestuur sodat hy self kon oordeel. Die saak is laat vaar, maar waar kom die *vuil* in *vuil uil* vandaan? Eerstens dink ek nie dat (uile) vuil is in die gewone sin van die woord nie: ek vermoed dat *vuil* bloot vir die rymwaarde gebruik is.

6 As iemand die buurman 'n *vuil vark* genoem het, sou ek dink dat hy dalk in die moeilikheid kon wees, want 'n vark is dikwels (maar nie altyd nie) vuil.

[Verwerk uit: *Volksblad,* 11 April 2015]

5.1 Verbeter die taalfout in die opskrif deur die hele sin neer te skryf en die verbetering te onderstreep. (1)

5.2 Gee die funksie van die skryfteken in die onderstreepte woord in paragraaf 1. (1)

5.3 Identifiseer die deelwoord in die onderstreepte sin in paragraaf 2 en benoem dit. (1)

5.4 Skryf die basisvorm/stam van die onderstreepte woord in paragraaf 4 neer. (1)

5.5 Benoem die woordsoort van die onderstreepte woord in paragraaf 5. (1)

5.6 In paragraaf 5 staan: " ... sodat hy self kan oordeel." Kies nou die korrekte woord van die tussen hakies en skryf dit neer.

'n Oordeel oor iemand (vel/fel). (1)

5.7 Skryf die verkleinwoord van die woord tussen hakies in paragraaf 5 neer. (1)

5.8 Is die onderstreepte sin in paragraaf 6 'n feit of 'n mening?
Motiveer jou antwoord? (1)

5.9 Watter konnotasie woord aan *my buurman is 'n vark* in paragraaf 6 geheg?(1)

5.10 Lewer kritiese kommentaar of jy dit positief of negatief sal ervaar indien iemand jou *'n vuil uil* sou noem. (1)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou